Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

# TORAH (WET) EN GENADE

# LES 6 (Deel 3): HOORDERS EN DADERS VAN TORAH

## INLEIDING

1. Die groot mate van wanbegrip aangaande die wet en die genade het veroorsaak dat talle Christene glo hulle het 'n vryheid om te eet wat hulle wil, te rus wanneer hulle wil, te luister waarna hulle wil, aan te trek wat hulle wil, ensovoorts. Met ander woorde hulle glo dat die genade van YHVH hulle redding in Messias is, en dat die voorskrifte van Torah sodoende opgehef is. Dit is 'n geval om jou brood aan beide kante gebotter te hê.

2. Hierdie mense vergeet egter dat Torah steeds YHVH se geestelike-, sosiale- en natuurwette bevat. Hierdie wette is deur Hom daargestel en handhaaf die orde in Sy skepping en hou dit in stand. Daarom is dit steeds geldig. Dit is deur YHVH aan die mens gegee vir sy welsyn en is 'n praktiese handleiding vir ons lewe hier op aarde. Die mens wat Torah onderhou (nougeset daarvolgens wandel) sal daarom welgeluksalig wees, naamlik voorspoedig in alles wees wat hy doen (Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:7 en 8).

3. Ons word alleenlik deur geloof geregverdig verklaar, maar Torah is YHVH se vereiste om as geregverdigde te leef. Torah is 'n beskrywing van wat geregtigheid is, naamlik YHVH se geregtigheid en nie die van mense nie (Rom. 10:3).

4. Torah is ons wysheid en ons verstandigheid wat ons sal onderskei van ander mense en die rede sal wees dat na ons verwys sal word as wyse en verstandige mense (Deut. 4:5 en 6). Ons gehoorsaamheid aan Torah is nie meriete vir ons geregtigheid nie, maar bewys van ons absolute vertroue dat ons Vader ons welsyn op sy hart dra en daarom Torah vir ons gegee het om daarvolgens te lewe terwyl ons *die land in besit neem*. Ons gehoorsaamheid is bewys van ons liefde vir Hom (Joh. 14:21 en 23).

5. Vir diegene met 'n hartsgesindheid (wie se hart besny is) van vrywillige gehoorsaam uit liefde, word Torah die Vader se onderrig, instruksies en leerstellings wat seëninge bring. Vir diegene wat teensinnig gehoorsaam of ongehoorsaam is, is Torah net wette wat 'n las van oordeel en straf bring.

6. Torah is die pad van heiligmaking (1 Pet. 1:15 tot 16; 1 Thess. 4:7) en volmaaktheid (Matt. 5:48) wat ons loop, want dit leer ons om te onderskei tussen reg en verkeerd; rein en onrein, suiwer en onsuiwer, asook heilig en onheilig. Dit rig en bewaar ons hart om slegs die dinge wat daar bo is te bedink (Fil. 4:8; Kol. 3:2; Rom. 8:5 tot 7). Sonder heiligmaking sal niemand die Vader sien nie (2 Kor. 7:1; Heb. 12:14).

7. Die Jode het Torah ontvang (Rom. 3:2), maar ontken Yeshua as Messias. Christene het Messias ontvang, maar ontken Torah as YHVH se 'handleiding' vir 'n geseënde lewe van geregtigheid. Beide groepe het dus net 'n gedeeltelike openbaring van YHVH. Slegs wanneer die twee saamgevoeg word, sal daardie dinge van YHVH wat nog geheimenisse is, openbaar word. (Daniel 12:4, 10; 11:33). Ons leef in die tyd van herstel en eenwording waar al meer Jode Messias as hul Verlosser aanneem en al hoe meer Christene terugkeer na Torah as 'n leefwyse van geregtigheid.

## DIE BETEKENIS VAN HOOR EN DOEN

1. Ons het geleer dat om die dinge te doen wat die Vader vir ons gesê het om te doen, is geloof in Hom en in die beloftes van die verbond. Hebreërs hoofstuk 11 is bevestiging hiervan. Tweedens is dit bewys van ons liefde vir Hom (Joh. 13:34 tot 15:17). Ons geloof en liefde vir die Vader is dus 'n kombinasie van hoor (luister) en doen.

2. Ons lees in Deuteronomium die volgende:

   *As jy dan **goed luister** na die stem van YHVH jou God om **sorgvuldig te hou** al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as **jy luister** na die stem van YHVH jou God. Deut. 28:1 en 2.*

   *Maar as jy **nie luister** na die stem van YHVH jou God, om **sorgvuldig te hou** al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel **nie**, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Deut. 28:15*

3. Aansluitend by bogenoemde Skrif is Matt. 7:24 tot 27, asook Jak.1:21 tot 25 en soos in Les 6 (Deel 2) bespreek is.

4. Ten einde die werklike betekenis van *goed luister* (hoor) en *sorgvuldig hou* (doen) te verstaan moet die betekenis daarvan in Hebreeus ondersoek word. Dan sal ons verstaan wat Vader-God van ons verwag.

5. Wanneer die Skrifte gelees word, moet daar altyd onthou word dat dit oorspronklik in Hebreeus geskryf was. Die openbaring van YHVH deur Sy Woord het dus 'n Hebreeuse oorsprong en bevat dus die Hebreeuse denke, kultuur en begrip van die Almagtige, die Skepping en die verhouding tussen God, Sy Woord en die mens. Om dus insae in die werklike betekenis van 'n woord te kry, moet ons die Hebreeuse konsep wat deel van die woord uitmaak verstaan. [Deesdae is daar al hoe meer bewys dat selfs die nuwe testament oorspronklik in Hebreeus geskryf was].

**Hoor (Goed luister):**

1. Die Hebreeuse woord vir *hoor* of *luister is* שׁמע (*shaîma'* ) en word as as *shaw-mah'* of *sh'ma* getranslitereer. Volgens Strong's (#8085) beteken dit: *to listen to, to give heed to, to hear with attention or interest, to consent or agree, to yield to, to obey or be obedient to, to regard, to respond to (as a summons), and to cause to hear (to publish). This primitive root is, according to Strong's, found 1,159 times in the Hebrew text of the TaNaKh (commonly referred to in Christian circles as the "Old Testament").*

2. Een van die belangrikste Skrifte waar hierdie woord gebruik word is Deut. 6:4 tot 9 – *Hoor Israel, YHVH ons God, YHVH is Een*..... Hierdie is die belangrikste onderrig en beginsel waarvolgens Israel moes leef en waarvolgens die gelowige in Yeshua ook moet leef (Mark.12:28 tot 30).

3. William Bullock (1) beskryf die betekenis van *sh'ma* volgens Hebreeuse denke soos volg: *"listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND teach it to your children AND walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear."*

4. Hierdie maak die verskil tussen die Westerse en Hebreeuse denke baie duidelik. Volgens Hebreeuse denke het 'n woord soos *sh'ma* (*hoor* of *luister*) 'n baie meer omvattende betekenis en met 'n opvolgende handeling en verandering wat 'n bepaalde eindresultaat lewer wat in ooreenstemming is met die woorde van die een wat dit gespreek het. Volgens Westerse denke behels die betekenis van *hoor* of *luister* nie noodwendig enige opvolgende handeling, verandering of resultaat nie.

5. Om te *sh'ma* is dus om te hoor en presies te gaan doen volgens dit wat gehoor is. Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings onmiddelik vervang word. Om die woord van YHVH (Torah) te hoor is om enige

vorige denke en optrede onmiddelik te verander of aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur YHVH gespreek is.

6. Die *sh'ma* beginsel is om te hoor (te luister) asof jou lewe daarvan afhang. Dit is soos die reddingsboei wat na die drenkeling gegooi word. Hy bepeins en oordink nie wat sy volgende aksie gaan wees nie. Hy gryp die geleentheid wat gebied word en handel presies volgens die instruksies van die lewensredder.

**Doen (Sorgvuldig hou)**

1. Die Hebreeuse woord vir *doen* (*sorgvuldig te hou*) is שׁמר (*shaîmar*) en word as *shaw-mar '* of *sh'mar* getranslitereer. Volgens Strong's (#8104) beteken dit: *to keep, to guard, to observe, to give heed to, to have charge of, to keep watch over (as one would a ward), to protect, save alive, to retain, to treasure up (in memory), to keep (within bounds), to celebrate, to attend, to bodyguard, to defend, to hoard, and to act as a watchman concerning something.*

2. Hierdie woord word meer as 400 keer in die ou testament gebruik in ondermeer Skrifte soos Gen. 2:15; Ex. 31:13; Lev. 18:4; Deut. 11:8; Ps. 119:44 en and Dan. 9:4.

3. William Bullock (1) beskryf die betekenis van *sh'ma* volgens Hebreeuse denke soos volg: *to prize, treasure, cling to, stand watch over and safeguard as a sacred trust.*

4. Om te *sh'mar* beteken om die Woorde van YHVH as onskatbare waarde ('n geliefde besitting) te beskou en dit te bewaar (opgaar en bymekaar maak) en om dit eerste te stel, bokant enige ander belangstelling of genieting in die lewe. Sy Woord word die fokuspunt van my gedagtes, woorde en handelinge. Dit is om 'n onversadigde honger na Torah te hê. Dit is om Torah (die boekrol) te eet en jou ingewande daarmee te vul, want dit is soos heuning so soet (Eseg. 3:1 tot 3). Verwys ook Jer. 15:16.

**SH'MA PLUS SH'MAR**

1. Indien ons met 'n besnyde hart die sh'ma en sh'mar konsep saamvoeg en toepas in ons geloofslewe sal ons met vreugde die dinge doen wat Vader God sê ons moet doen en die dinge vermy wat Hy ons beveel om nie te doen nie. Met ons gehoorsaamheid wil ons nie Sy guns wen of geregtigheid probeer verkry nie (dit het ons reeds uit genade ontvang), maar ons doen dit uit liefde vir Hom en in volle vertroue dat al die onderrig, instruksies en leerstellings in my belang is wat deur 'n liefdevolle Vader gegee is.

2. Die resultaat van *sh'ma* en *sh'mar* is:

- Om daagliks met die kleed van geregtigheid beklee te word (Ef. 4:22 tot 24). Dit is om die onderrig, instruksies en leerstelling (Torah) daagliks 'aan te trek'. Dit is om as uitgeroepene (*set apart*) te leef.

- Om die Feestye van YHVH, insluitend die sabbat, te vier en te gedenk (Lev. 23).

- Om oor tyd gelykvormig aan Yeshua Messias te word – die verpersoonliking van Torah (Rom.8:29).

- Om die seëninge volgens die verbondsbeloftes deelagtig te wees (Deut. 28:1 tot 14). Wanneer ons al Sy gebooie (Torah) onderhou, sal ons Sy eiendomsvolk volgens die belofte wees. Dan sal Hy ons bo al die nasies stel tot 'n lof, 'n roem en 'n sierraad as heilige volk wat aan Hom behoort (Deut. 26:28 en 19).

3. Ons het reeds geleer dat Yeshua Messias Torah is, daarom moet ons Torah ook beskou as die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). In ons Messias as geregverdigdes wandel ons op hierdie Torah-weg van waarheid wat lewe gee. Torah is Yeshua – die lewe in oorvloed (Joh. 10:10b).

4. Die wat nie Torah hoor en doen nie, stel hulself bloot aan die dief wat kom om te steel. Te slag en te verwoes (Joh.10:10a)

5. Iemand het by geleentheid gesê: *The true believer does not do Torah to become. He does Torah, because he is what God has made him – the righteousness of God in Messiah.* Diegene wat die Woord hoor (*sh'ma*) en nougeset doen (*sh'mar*) wat hulle gehoor het, sal die volgende ondervind:

*Maar omdat YHVH julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het YHVH julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. Jy moet dan weet dat YHVH jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.*

**BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. 'n Eenvoudige definisie van sonde is om die doel te mis. Torah is die weg om te wandel om die doel te bereik, naamlik om deur geloof en op grond van die genade in Messias as geregverdigde te lewe. Daarom lees die meer korrekte vertaling van Rom.10:4 (volgens *The complete Jewish Bible*) soos volg: *For the goal at which the Torah aims, is the Messiah, who offers righteousness to everyone that trusts*. Die indruk wat in die Afrikaanse, en ander vertaling, gegee word is dat Yeshua die 'beëindiging' van die wet is. Dit is verkeerd, want geen jota of titteltjie van Torah (die wet) sal verbygaan nie (Matt. 5:18)

Verwysings: *"Sh'ma": A Hebraic Concept That Everyone Can Embrace,*
William G. Bullock, Sr.

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*